

17 Februarie - BROOD

Skrifgedeelte: Johannes: 6:47-59 (NAV)

Fokusgedeelte: Johannes 6:47, 48

Mense kom nie maklik los van gevestigde idees nie. Die Jode het hardnekkig bly vashou aan die ideaal van 'n aardse koning wat hulle van die Romeinse oorheersing kan bevry. Daarom spel Jesus die ware betekenis van sy koms na die aarde met veelseggende beeldspraak uit. Hy verklaar: Wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood wat lewe gee.

Die brood wat Jesus gee, is sy liggaam wat Hy aan die kruis vir ons gebreek het tot versoening van ons sondes (1 Kor 11:23-26). Geen mens kan sonder brood – kos – lewe nie. Net so kan geen mens deel hê aan die ewige lewe, sonder Jesus, die brood van die lewe nie. Met die eet van brood word die brood deel van jou liggaam. So kom vir dié wat in Jesus glo 'n innige eenheid met Jesus Christus (Joh 6:56).

Ons wat glo, beleef reeds die heerlike gevolge van die ewige lewe nou tydens ons aardse lewe (Joh 5:24).

- Deur brood te eet, word ons liggaamlike behoefte vervul. Net so word al ons geestelike behoeftes deur Christus vervul (Joh 6:35).
- Deur die geesteskrag wat jy ontvang, verander jou hele lewe. Jou lewe is vol en gelukkig, want jy ontvang die vermoë om volgens Bybelse beginsels te lewe (Ef 3:16-19).
- Wie van die brood van die lewe eet, sal tot in ewigheid “nooit weer honger kry nie” (Joh 6:35). Asaf spel dit uit:

*Maar ná die dood, dan rys die dag vir my.
God sal my red, Hy koop my siel dan vry.
Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd,
neem my op in ewige heerlikheid (Ps 49:5).*

Sing: Psalm 37:10, 11 (1936-beryming)

Ds APC Duvenage (Emeritus)